

VOERMOL MAXIBLOK

Klas: Proteïen-, Minerale- en Energie-aanvulling vir Herkouers

VOERMOL MAXIBLOK is 'n lekblok van hoë gehalte vir skape en bokke, met 'n hoë deurvloei proteïen-, energie- en mineraalinhoud wat produksie verhoog op weidings, veral droë weidings.

- is maklik om te hanteer asook gerieflik om te gebruik omdat geen vermenging nodig is nie en is veral geskik waar probleme ondervind word om lekke te meng weens arbeid nie beskikbaar is nie, lekbakke en/of grane nie beskikbaar is nie of te duur is;
- beperk vermorsing en windverlies omdat dit in 'n blokvorm is;
- is melassegebaseer wat smaaklikheid bevorder en dus goeie inname verseker;
- bevat voldoende inname-inhibeerders om inname te reguleer;
- is 'n lek en nie 'n volvoer nie en daarom moet voldoende weiding of ruvoer altyd beskikbaar wees;
- voorsien 'n hoë vlak van natuurlike proteïen (deurvloei proteïen), energie en minerale wat produksie en reproduksie bevorder;
- bevat proteïen van 'n goeie gehalte waarvan slegs 31.6 % afkomstig is van ureum;
- is weens sy hoë deurvloei proteïeninhoud uiters geskik as 'n produksielek vir laatdragtige en lakterende skaap-, Angora- en Boerbokooie, prikkelvoeding van ooie en vir die uitgroei van jong vervangingsooie;
- is uiters geskik as 'n produksielek vir hamels, droë ooie en ooie gedurende die eerste drie maande van laktasie op baie swak kwaliteit droë weiding;
- kan ook vir grasvretende wild (d.i. herkouers) op droë weidings gevoer word en
- **verseker 'n hoë inname van deurvloei proteïen wat die volgende voordele het:**
 - verlaag lamvrektes by kleinvee omdat dit uierontwikkeling stimuleer en gevolglik bies- en melkproduksie verhoog, moedereienskappe en lewenskragtigheid van lammers met geboorte verbeter asook die voorkoms van geboorteprobleme, domsiekte en melkkoors verlaag;
 - verlaag lamvrektes omdat dit die voorkoms van abnormale dik en taai bies voorkom. Hierdie kondensmelkagtige biesmelk hou verband met hoë lamvrektes aangesien dit saam gaan met lae bies- en melkproduksie asook vertraagde aanvang van laktasie;
 - verhoog lam- en kalfgroei en verlaag die voorkoms van boepens- en hanslammers omdat dit melkproduksie stimuleer;
 - verhoog groei van jong diere deurdat dit spiergroei bevorder. Dit het hoër speenmassas en beter uitgroei van jong diere (bv. vervangingsooitjies) tot gevolg wat leeftydreproduksiepotensiaal verhoog;



MAXIBLOK

**V17424
N-FF 1776**



Voermol

- bevorder wolgroei van wolskape en veselgroei van Angorabokke asook wol- en veselkwaliteit. Dit verhoog terselfdertyd die treksterkte van die wolvesel wat 'n pryspremie tot gevolg het;
- stimuleer die inname van ruvoer asook dié van groen en droë weidings en verbeter sodoende produksie en
- verminder die impak wat parasietbesmetting op die produktiwiteit van diere het deurdat dit die immunologiese weerstand van diere veral tydens tye van stres (bv. paring, laatdragtigheid asook lam- en speentyd, ensovoorts) verhoog.

Voermol Maxiblok het ten doel om moeitevrye en winsgewender produksie van vleis, wol of hare deur herkouers op weiding, veral droë weiding, te verseker. Die voer van **Voermol Maxiblok** veroorsaak minder versteuring tydens lamtyd wat dus die risiko van ooie wat lammers weggooi of van hulle lammers geskei word, aansienlik verminder. Die voorwaarde is dat nuwe blokke uitgesit word voordat die oues heeltemal opgevrete is, die proses van uitsit van blokke moet rustig en kalm geskied en dat die blokke verspreid in die lamkamp uitgesit word.

SAMESTELLING VAN VOERMOL MAXIBLOK				
REG NR V17424 (Wet 36/1947) N-FF 1776				
		(g/kg)	(mg/kg)	
Ruproteïen*	(min)	200	Mangaan	160
Ureum	(maks)	22	Koper	15
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt	1.6
Vog	(maks)	140	Yster	75
Kalsium	(min/maks)	10/35	Jodium	4
Fosfor	(min)	4	Sink	200
Magnesium	(min)	10	Selenium	1
Swael	(min)	4	Vitamiën A (IE/kg)	15 600
			Energie beraam (MJ ME/kg)	8.8

*31.6 % afkomstig vanaf NPN

Verpakking – 25 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Voermol Maxiblok is 'n klaargemengde aanvulling in blokvorm vir herkouers. Dit moet in lekbakke of op harde oppervlaktes (\pm 15 kleinvee/blok) aan weidende herkouers gevoer word. Die lekinname sal beïnvloed word deur die gehalte en hoeveelheid van die weiding, fisiologiese status (bv. droog, dragtig, lakterend of groeiend) en kondisie van die diere asook soutinhoud van die drinkwater en weiding. In oorleg met die veearts, volg 'n volledige doserings- en inentingsprogram, insluitend teen *Klostridium spp.*



PROTEÏENLEKKE

AANBEVOLE INNAME	(g/dier/dag)
Onderhoud:	150 – 250*
Speenlamms en jong diere:	250 – 500
Beeste:	1000 – 2000

	(g/ooi/dag)
Dragtige ooie:	eerste 3 maande 200 – 250
	laaste 2 maande 250 – 350
Lakterende ooie:	300 – 500
Prikkelvoeding van ooie:	300 – 400

*Hierdie innames voldoen nie aan die minimum riglyne vir mineraalaanvullings vir skape, Wet 36 van 1947.

L.W. Weens die moontlikheid van blaasstene moet Voermol Maxiblok nie vir lang periodes (meer as ses weke) teen hoë peile (meer as 350 g/ram/dag) vir teelramme gevoer word nie. Vir die voeding van ramme, verwys ook na Voermol SS 200.



UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek nat reën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Dit is 'n aanvulling en nie 'n volledige voer nie. Voldoende weiding en/of ruvoer moet ten alle tye beskikbaar wees.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorfreet. 'n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.

